# Silkaats deur Skotse Bril Gesien

deur

W. A. J. VAN VELDEN, RUSTENBURG

*(Vir ons jongmense geskrywe deur een van die ou garde.)*

VAN die persoonlike betrekkinge tussen eerw. Robert Moffat en Moselikatse wat daar van enkele jare voor die Groot Trek bestaan het, weet ons uit verskeie bronne. Moffat het dit reeds in 1842 in sy boek „Missionary Labours in South Africa" vertel en die lywige dagboeke wat hy in Suid-Afrika bygehou het, is ook reeds in die Oppenheimerreeks enkele jare gelede gepubliseer.

Robert Moffat was 'n sendeling van die Londense Sendinggenootskap en sy stasie was Kuruman, waar vandag nog sy huis te sien is. Teen die einde van die jaar 1829 het Moselikatse (toe digby Pretoria woonagtig) van twee handelaars verneem dat daar witmense aan die kom was. Hy stuur dus twee indoenas („Lintunas" of „Tunas", soos Moffat die woord skrywe!) om saam met die handelaars terug te reis en meer kennis oor die blankes se leefwyse te kry.

Op Kuruman was die twee Matabele-raadsmanne bomate verwonderd oor wat hulle daar op die sendingstasie gesien het. Nadat Moffat hulle alles daar laat sien het met betrekking tot die werksaamhede op die stasie, het hulle hom omgepraat om saam met hulle na Silkaats te gaan, of liewer om hulle te begelei na die hoofkraal omdat hulle bevrees was dat hulle onderweg deur ander Bantoes vermoor sou word.

Moffat het dus sy eie wa ingespan, nog 'n ander gehuur en die lang en gevaarlike reis van ongeveer 400 myl aanvaar deur streke waar slegs nog enkele blanke jagters voor hom was en die eerste Voortrekkers eers 'n agt of nege jaar later sou kom woon.

Soos ons uit die sendeling se verhaal kan aflei, het hy die Magaliesberge bereik wat hy (en ander soos Cornwallis Harris na hom) die Kashan of Cashanberge noem. Die plek waar hy die reeks deur is, moes naby Boschhoek gewees het, dus onderweg van ons Zeerust van vandag ooswaarts verby in die rigting van Rustenburg, Brits en tot digby Pretoria.

Die streek waardeur Moffat getrek het, was byna totaal uitgemoor deur Silkaats se impi's. Al wat hulle teengekom het, was uitgehongerdes wat in groot vrees gelewe het om nog eens deur die Matabele aangeval te word.

Onderweg het Moffat 'n groot wildevyeboom gesien, so groot dat van die Bantoes hul huise daarin gebou het (so skryf hy) uit vrees vir die leeus. Waar hierdie reuseboom gestaan het, weet ons nie. Miskien was dit naby Boschhoek.

Op die geskiedkundige plaas Boekenhoutfontein wat hier naby lê — volgens onlangse berigte sal hierdie plaas se opstal vir ons volk bewaar word — staan daar 'n baie groot wildevyeboom. Wie weet is dit nog dieselfde wat Robert Moffat gesien het.

Al langs die noordekant van Magaliesberg gaan sy reis tot by Krokodilrivier wat die naam Ori of Oli dra, so teken Moffat aan. Aan alle kante was volop tekens dat dit eers 'n digbewoonde streek was voordat die lem van Silkaats daar begin heers het.



*Robert Moffat (1795 — 1883).*

Voor hy die Krokodilrivier bereik, het dit swaar gereent. Moffat moes enkele dae oorlê tot die turf afgedroog het. Oorkant het hy die Wesleyaanse sendeling, eerw. James Archbell, ontmoet, dieselfde wat later by die Voortrekkers in die Vrystaat sy rol sou speel. By hom was die Griekwakaptein Barend Barends wat glo daar kom jag het met 'n klomp van sy mense. Moffat het nou verneem dat Silkaats nie vir Archbell wat 'n geskikte plek kom soek het vir 'n sendingstasie, wou ontvang voordat hy eers Moffat gesien het van wie se aanstaande besoek hy alreeds berig gekry het nie.

Moffat het na 'n vermoeiende reis eindelik die hoofstat bereik waar hy vriendelik deur die gedugte Silkaats ontvang is. Gedurende die tien dae dat hy hier in die onmiddellike omgewing van Pretoria was — ondersoekers meen dit moes gewees het waar die voorstad Mayville nou is — is hy goed van voedsel voorsien. Dit was veral die waens wat by Silkaats 'n kinderlike belangstelling gewek het. Hy was besonder ingenome daarmee en hy kon maar nie begryp hoe die wabande om die wiele gesit word sonder dat daar 'n lasplek te sien was nie! Moffat het die geleentheid van sy besoek benut om met Silkaats oor sy wreedhede te praat; hy het sy bes gedoen om die Matabeleheerser te laat afsien van die moorddadige strooptogte. Silkaats se antwoord was dat hy nie sy krygsvolk kon bedwing nie. Daarby het hy in groot vrees verkeer dat Dingaan hom uit die ooste sou kom aanval. Eintlik was hy 'n voortvlugtige uit Zoeloeland, soos die geskiedenis ons leer.

Hy vat Moffat se verkyker, om, soos hy sê, anderkant die berge te kan sien of Dingaan aankom! Teenoor Moffat het hy van die begin 'n besondere geneentheid getoon en toe die sendeling weer wou vertrek het Silkaats 'n dag lank met hom saamgereis. Hy het selfs in die wa geklouter en met sy olierige, vetgesmeerde liggaam op Moffat se bed gaan lê en die Skot genooi om langs hom te kom lê!

In sy boek het Moffat sy barbaarse gasheer vir ons beskrywe: hy was onder die gemiddelde lengte, taamlik geset (afbeeldings uit die tyd toon dit ook) en met 'n kort nek. Ons het 'n tweede beskrywing van Silkaats uit die jaar 1835 wat hierby aansluit: dit kom van die offisier en kunstenaar W. Cornwallis Harris wat in Silkaatsland kom jag het. Harris het hom ook geteken. Die uitdrukking op sy gelaat (skryf hy) was dié van die despoot, skelm en agterdogtig, maar tog nie onaantreklik nie. Sy liggaamsbou was normaal en mooi van proporsie maar weens gebrek aan oefening was hy swaarlywig. Hy was omtrent 40 jaar en sy gesig was sonder baard. In die ring wat hy om sy kop gedra het, het daar drie groen papegaaivere geprонk en om sy nek was 'n string blou krale. Om sy lyf het hy slegs 'n gordel of lyfband gedra van luiperdsterte wat voor en agter gehang het.

Moffat het in latere jare Silkaats nog meer besoek soos ons in sy joernale lees en ons weet dat hy ook aan hom 'n wa gegee het wat in die land oorkant die Zambezi — Matabeleland — bly staan het toe Silkaats baie jare later, in 1868, gesterf het. Moffat het sy swart vriend lank oorlewe en hy is eers in 1883 in sy 88ste jaar in Leigh, Engeland, oorlede.